BERGenBAAI

NED GEREF GEMEENTE CONSTANTIA

JUNIE 2011

# Die JAO-span sit koppe bymekaar vir 'n fees

## LEES OOK

Verandering - ramp of geleent-heid - 3

Ek kies steeds die kerk - 4

Beertjiefees - 8

Omdat ons klein is - 9

Lidmate skryf - 10 & 11

Vertaaldiens - 12

**Dalk moet ons saam met die Soedanese Christen bid wat gesê het: Goeiemôre, Here! Ek is lief vir U. Wat gaan U vandag doen? Ek wil graag deel daarvan wees! Dankie, Here! Amen.**

(**Uit**: *God seën Afrika*, Lux Verbi 2009, bl 224.)

Dit laat ons ongetwyfeld dink aan die feeste wat die Here se kinders in die Ou Testament gevier het. Waarom het hulle fees gevier:

- Om eer aan Hom te bring;
- Om hulle aandag opnuut weer aan Hom te wy;
- Om die fees as instelling te herdenk;
- Feeste was 'n ontmoetingsplek met die Here.

Wanneer ons die fees vier, is dit 'n plek van ontmoeting met Hom. Ons begin planne beraam vir die jaarlikse fees wat JAO hou om sodoende ons roeping tot die sendingveld te hernu en weer vas te maak.

Ons gebruik hierdie geleentheid om elke gemeentelid te bedank vir die bydrae wat getrou gegee word om ons sendelinge te help. Hulle het hul lewens oorgegee aan Jesus sodat Sy Woord versprei kan word en dat mense Hom kan leer ken as Verlosser en Saligmaker. Dit is die gebed van ons harte dat die Here elke gewer sal seën met hemelse munt.

Ons vra die gemeente se voorbidding vir die naweek van 19 tot 21 Augustus 2011. Ons beplan 'n 'BRUNCH' by die Constantia Nek Restaurant. Die prys vir die heerlike ete, wat jou met gemak sal hou tot die aand, is baie billik. Ons nooi sommer nou al. Dis Saterdagoggend, 20 Augustus 2011 om 9.30 vm. Ons spreker sal iets korts vertel van sy sending-ondervindings in die onlangse verlede. Dit beloof baie kort te wees. Ons gaan saam 'n heerlike ontbyt geniet en beplan so om in die teenwoordigheid van die Here te kom, vir die hele naweek.

Daar word 'n paar uitreike aangebied, moontlik ook voor die tyd, sodat alles nie gedurende die naweek gebeur nie. Miskien is dit u kans om net vir die een keer 'n sendeling te wees en u voete in die skoene van 'n sendeling te steek en so ons opnuut te verbind aan die groot opdrag: GAAN DIE HELE WêRELD IN EN VERKONDIG DIE EVANGELIE.

Miskien sal ons met meer deernis saam met ons sendelinge kan werk, deur te bid, deur te gee en om in hulle wel en wee belang te stel.

Meer besonderhede oor die uitreike wat gaan plaasvind, volg spoedig. Daar sal iets vir almal wees.

NED GEREF GEMEENTE CONSTANTIA

# Liewe leser ...

Ons het besluit om weg te doen met die opskrif "Redaksioneel", want dit is gans en al te swaarwigtig en formeel vir dié blad se struktuur. Al eksperimenterend proe ons aan `n nuwe opskrif en kyk waar bring dit ons uit. Dalk gebruik ons elke keer iets anders. Hoekom nie?

Ek hoor nou die dag weer een van die ou kerkwoorde van my kinderdae op Kenhardt, "waaragtig". (Die laaste lettergreep het in sommige predikante se monde `n –ie klank gehad en hy het boonop die slot –g effens agter in sy keel laat ruis.) Ek kan my nog herinner hoe my ma gelag het toe ek by die huis kom en verklaar dat ds. Rothman daardie Sondag van die kansel af gevloek het. Hy het gesê: "waarwragtag." Hoekom dit vir hulle snaaks was dat `n predikant vloek ...

Baie van die kerktaal het my kop geknoop. Ons het almal Kinderkrans toe gegaan. Daar was op `n stadium `n werkery by die kerksaal en ons het vir `n ruk by die skool vergader. So vra tannie Hester, wat die Kinderkrans gelei het, die middag toe ons klompie in die klaskamer by die skool ingeprop sit: "Wie van julle vrees nie die Here nie?" Ek was op pad om hand op te steek, want ons het by die huis geleer die Here het ons lief soos ons ouers en ek vrees húlle nie, maar iets het my laat wonder. Maar nie vir Wikkie nie. Hy steek sy hand hoog op en ek verbeel my hy het selfs tevrede geglimlag. Tannie Hester stuit so effens in haar voordrag en kyk Wikkie aan wie se glimlag afloop en wat al rooi-er begin word, want net sy hand was op en hy was slim genoeg om te weet dit lyk na `n fout.

"Vrees jy nie die Here nie?" Dis al wat sy kon uitkry en toe volg `n lang storie oor hoe lief Liewe Jesus ons dan het. (Ek het Wikkie jammer gekry, want ek kon sien hy`s in die spervuur, al het ek nie mooi begryp hoekom nie.) Ek wonder dikwels nog of tannie Hester ooit verstaan het wat Wikkie, en baie van ons ander, nie verstaan het nie. Vrees. Dom woord as jy eintlik bedoel jy het Hom lief.

Wat ek ook nooit verstaan het nie was dat ons in sonde ontvang en gebore word. Is dit dan sondig om gebore te word? `n Mens kan dit mos nie ontduik nie, hoe word jy anders mens? En die dominee het dit gereeld van die kansel af verkondig en ek het bekommerd gebly oor die onregverdigheid van die kerk. Jy begin dan mos sommer met `n agterstand, nie waar nie?

Nog een wat my groot pret verskaf het, was die ou dominee wat gedurende Desember kom aflos het. Op Kenhardt het geen predikant in Desember gebly nie; hy het elke dag van sy jaarlikse verlof benut en koers gekies na koeler waters. Dis hoe ons toe die ouer leraar gekry het wat die oggend iewers in die diens, ek dink dit was net na `n gebed, verklaar: "Ons sit ons *aangevange* godsdiensoefening voort deur hartlik saam te sing uit ..." Met middagete het ek verklaar dat ons, ons *aangevange* ete voortsit deur saam te eet aan die poeding wat bedien is. Ek het die huishouding spoedig geïrriteer.

*Pieter*

# VERANDERING – RAMP OF GELEENTHEID? MAAK DIT JOU OPGEWONDE OF BEDRUK? - Ds. Uys Theron

***"People don't change when they see the light, but when they feel the heat."***

Houtbaai kan moontlik iewers in die toekoms afstig, Constantia kan dalk met 'n buurgemeente kombineer, of dalk sy eie tentmaker beroep ens., ens. … wat ookal gebeur, daar is verandering in die lug!

Party mense vind verandering opwindend en geniet dit om deel te wees daarvan. Soos uit die aanhaling afgelei kan word, is almal egter nie ewe entoesiasties daaroor nie. Net die woord laat al hulle hare regop staan! Self is ek die Here dankbaar dat die kerk waarvan ek deel is, wel sedert ek my bediening 38 jaar gelede begin het, aansienlik verander het. My ma het bv. nog die aand met my bevestiging my toga omgehang. Ek moes nog vir lank daarin preek en het selfs my eerste sinode daarin bygewoon. Sinodes is in die Hugenote-saal in Kaapstad gehou en kon tot tien dae duur! Ons het in hotelle oorgeslaap en ek en 'n kollega 'n keer ook in 'n woonwa op Melkbosch. Die vergaderings is oorheers deur 'n paar sprekers en al susters teenwoordig was die wat briefies rondgedra het – Ria de Klerk, Trudie Bindemann, Stiena en Petro du Plessis uit hierdie gemeente. Onder andere. Ons het Psalms en Gesange hartlik saam met orrelbegeleiding gesing.

Intussen is die Sinodale sentrum verkoop en vergader ons te Goudini. Die kleredrag is deesdae baie informeel. Daar is vrouedominees en –ouderlinge. Daar is gekleurde afgevaardigdes. In plaas van die orrel en Liedboek-liedere, sing ons ook met ewe veel oorgawe FLAM- en VONKK-liedere met die stylvolle begeleiding van klavier, viool, kitaar en trom en die woorde verskyn digitaal op skerms. Die afgevaardigdes sit rondom ronde tafels en almal neem deel aan die besprekings. Daar word soms twee-twee saam gebid. Die verslae word anders hanteer en die agenda word binne 'n week afgehandel.

Verlang ek dat ons moet terugkeer na die ou dae? *Nee.*

Dink ek ons het in die kerk "arriveer" en dat daar nie verdere verandering nodig is nie? *Allermins!*

Hierdie is maar net om te illustreer dat ons is waar ons is danksy veranderinge in die verlede en dat ons nie nou skielik moet halt roep nie. Ek sou nog baie paragrawe kon skryf oor die veranderinge wat ek in die praktyk in hierdie gemeente beleef het sedert ek in 1984 hier gekom het. Dit was vir my 'n voorreg om deel daarvan te kon wees en ek dink ons het ver gevorder vanaf daardie tyd. Dit durf egter nie daarby bly nie. Dis belangrik dat ons ernstig sal bly vra na God se wil. Waar en waarmee is Hy besig waarby ons betrokke kan en moet raak? Waarheen mik Hy sodat ons op Sy koers kan voortbeweeg? Dalk moet ons meer bid soos die christen uit die Soedan:

*Goeiemôre, Here!*

*Ek is lief vir U.*

*Wat gaan U vandag doen?*

*Ek wil graag deel daarvan wees!*

*Dankie, Here!*

*Amen.* (Uit: *God seën Afrika,* Lux Verbi 2009)

Daar is 'n Woord in Jesaja 43 wat lui: *"Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring."* (:18-19) Ek sal dit graag op ons huidige gemeentesituasie wil toepas!

Dalk was dit ook die letterlike hitte wat ons van die toga laat ontslae raak het! Mag dit egter nie van ons waar wees dat ons eers bereid is om te verander wanneer die hitte van omstandighede ons daartoe dwing nie. Kom ons tree liewer pro-aktief as reaktief op. Ons maak staat op alle lidmate se positiewe ingesteldheid en meelewing. Natuurlik is nie alle veranderinge verbeteringe nie. Bid dat die Here ons sal help om goed na Hom en na mekaar **te luister** en dat Hy ons 'n gesindheid van *nederigheid, leerbaarheid, verdraagsaamheid* en bo alles, **liefde** sal gee! Dit sal baie help sodat ons die dinge "*kan onderskei waarop dit werklik aankom." (Fil 1:10)*

# BELHAR BELYDENIS

Die Wes– en Suid-Kaap Sinode het tydens die Sinodesitting in Mei die volgende besluit aangeneem:

1. Die sinode is oortuig dat die Bybelse eis vir geregtigheid vir alle mense, versoening tussen alle mense en die eenheid van die kerk tot die kern van die evangelie behoort. Die Belydenis van Belhar verwoord hierdie evangeliese eis om geregtigheid, versoening en eenheid op 'n ander wyse as die ander belydenisskrifte van die kerk. Die sinode aanvaar as kerkvergadering die Belydenis van Belhar en daarom versoek hierdie vergadering die Algemene Sinode om die Belydenis van Belhar op 'n kerkordelike wyse deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se belydenis-grondslag te maak.
2. dat by die sinode aanbeveel word dat daar met geslote stembriewe oor die voorstel van die moderamen (in 12.1 van die Voorlegging van die moderamen) gestem word sodat uit oortuiging gestem word en om as kontrole te dien vir die uitslag van die stemming.

**Die besluit word aanvaar met 544 vir 124 teen en 4 bedorwe stemme**

Ben du Toit sê op die Ned Geref Kerk se **Diversiteitsforum** dat die sinode doelbewus daarvoor gekies het om hierdie besluit los te maak van die eenheidsproses van die Ned Geref Kerk-familie. "Die betekenisvolheid van hierdie besluit is juis daarin geleë dat dit nie geneem is ter wille van een of ander doel (soos kerkeenheid of t.w.v. VGK-aandrang) nie, maar omdat die sinode oortuig is van die waarheid daarvan vir sy eie getuienis en lewe. Of dit uiteindelik amptelik as belydenisskrif deur die Ned Geref Kerk aanvaar gaan word of nie, of kerkeenheid gaan plaasvind of nie, dis intussen die oortuiging van hierdie sinode dat Belhar 'n aspek van die Evangelie verwoord waarsonder die kerk nie vorentoe wil gaan nie."

Die Sinode van die Wes- en Suid-Kaap - as vergadering - het die belydenis aanvaar. As sodanig is dit nie as 'n belydenisskrif aanvaar nie, maar as 'n belydenis. Dit is ook nie deur die ringe of gemeentes aanvaar nie, maar slegs deur hierdie vergadering (hoewel daar reeds gemeentes en ringe is wat hierdie stap gedoen het). Die Algemene Sinode sal in Oktober verder hieroor besin.

# *EK KIES STEEDS DIE KERK*



Neels Jackson

Dit het mode geword om die kerk te kritiseer. As 'n mens jou op van dié kritiek moet verlaat, het die kerk, in besonder die Afrikaanse kerke, geen geloofwaardigheid meer nie.

En tog is daar steeds elke Sondag honderdduisende Afrikaanse mense in die kerk. Waarom doen hulle dit? As een van daardie mense sou ek vyf hoofredes wou aanvoer waarom ek steeds in die kerk bly.

**Die eerste is: Ek glo in God. Vir my is Jesus Christus die Here.**

My indruk is dat baie van die kerk se kritici nie (meer) glo nie, al sê hulle dit nie reguit nie. En as jy nie glo nie, dan het die kerk seker nie veel sin nie. Daar is natuurlik ook mense wat seergekry het in die tradisionele kerke en daarom dié kerke verlaat het, al hou hulle nog aan hul geloof vas.

Ek het begrip vir hulle en wat my betref, het hulle die kerk nie regtig verlaat nie. Die “een, heilige, algemene Christelike kerk” van die geloofsbelydenis is immers nie ten eerste ’n struktuur of ’n denominasie nie.

Dit is die gemeenskap van die gelowiges.

Diegene wat gelowiges buite die tradisionele kerklike strukture wil wees, vestig eintlik alternatiewe maniere van kerkwees. Dis myns insiens ’n opwindende tendens en daar is dikwels goeie wisselwerking tussen hulle en die tradisionele kerke. Ons leer by mekaar.

Ek is persoonlik egter tevrede in ’n tradisionele kerk, deels om my **tweede rede**: **Ek het nie te hoë verwagtinge van die kerk nie.** Ek het vroeg in my Sondagskooljare al geleer dat die kerk vol mense met foute is. Omdat ek nie volmaaktheid van die kerk verwag nie, ontnugter die kerk se foute my nie.

Maar daar is ook die ander kant van die munt, en dit is my **derde rede**: **Daar gebeur soveel goeie goed in die kerk.** Ons familie het dit die afgelope dae aan ons lywe gevoel ná die skielike dood van my nefie. Soveel mense in ons gemeentes het ons met liefde en warmte omvou. Soveel mense in ons kerke troos en gee om. Maar die goeie goed wat in kerke gebeur, gaan baie verder as dit. Ek sien al hoe meer voorbeelde van hoe mense die liefde van God waaroor gepreek word in dade uitleef teenoor mense wat dit nodig het.

Ek dink aan aksies wat nood en armoede verlig, aan mense wat verslaafdes regtig help as daar niemand anders vir hulle is nie, aan kerkmense wat doelbewus uitreik na ouens wat hul werk verloor het, na vroue wat verniel word, na kinders wat koers in die lewe soek. Ek dink aan mense wat werk vir versoening en geregtigheid. Ek is veral opgewonde oor hoe hierdie visie van die evangelie onder jongmense leef. Ek het al vir ’n student gesê hul geslag verstaan iets van die evangelie waarvan ek op daardie ouderdom geen idee gehad het nie.

**Daarmee is ek by my vierde rede. In die woorde van Rick Warren: Dit gaan nie oor my nie.**

Die kerk is nie daar as ’n soort geestelike supermark of vermaaklikheidsplek om my te plesier of aan my behoeftes te voldoen nie. Dit is nie daar om my kultuur, politiek of magsbelange in die samelewing te bevorder of te beskerm nie.

Daarom is my persoonlike grille of giere nie ’n maatstaf vir my lidmaatskap of betrokkenheid by die kerk nie.

Daar is ’n groter saak wat gedien moet word in die kerk, en daarom bly ek daar.

**Laastens: Dit gaan ook nie oor die kerk nie.**

Dit gaan oor God en sy boodskap van liefde en redding op soveel vlakke.

En omdat Hy mense liefhet en hulle wil red, gaan dit ook oor mense en oor die aankweek van ’n lewenstyl van liefde tenoor mekaar.

Uiteindelik is die kerk ’n versameling mense wat juis dit probeer doen. Ons kry dit nie altyd reg nie, maar ons kan aanhou probeer.

Dis omdat ek hierdie visie deel dat ek een van die baie mense is wat steeds in die kerk bly.

Bron: *Beeld* 25 Mei 2011

(Neels Jackson is `n verslaggewer by BEELD.)



# Wat sê die Sinode oor die Duiwel?

Die sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, sowel as vir lidmate wat nie aan die bestaan van die duiwel en demone glo nie, maar die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.

## SINODALE BEGROTING

Elke gemeente dra by tot die fondse vir die werksaamhede van die Sinode vir Wes- en Suid-Kaapland. Die begroting vir 2011/12 sal soos volg aangewend word: Getuienis 30%; Gemeentes en toerusting 27%; Diens van Barmhartigheid 22%; Ondersteuningsdiens 11% en Moderatuur 10%.

Gemeentes dra gemiddeld 5,8% van hul inkomste hiertoe by. Dit word hulle Sinodale Aandeel genoem.

Gemeentes in ons sinodale gebied se gemiddelde inkomste per lidmaat vir 2009/10 was R1 319. In die Ring van Wynberg was dit R2 335. Gemeentes se inkomste het in hierdie betrokke jaar met 1,7% gestyg.

**GEMEENTESTATISTIEK: 2010/2011**

**LIDMAATTAL**:

| | **CONST** |
|---|---|
| BELYDENDE LIDMATE | 225 (2010: 234) |
| DOOPLIDMATE | 49 (48) |
| **TOTAAL:** | 274 (282) |

| | **HOUTBAAI** |
|---|---|
| BELYDENDE LIDMATE | 144 (150) |
| DOOPLIDMATE | 67 (71) |
| **TOTAAL:** | 211 (221) |

Totale afname in gemeente sedert vorige jaar: 18 (503 na 485)

## Dalk leer die onderstaande ons iets oor verdraagsaamheid...

"We don't all have to like everything that our church does: Every activity it plans, Every workshop it offers, Every retreat it sponsors, Every sermon that is preached, Every song that is sung, Every guest speaker brought in, Every concert put on, Every policy presented. Indeed, if everything that goes on in your church is pleasing to you, then you and people exactly like you are the only people your church is reaching. What matters is that all your church does is done for Christ's sake and is "done well." (Leonard Sweet)





Hierdie foto het op die internet getoer en ook in *Die Burger* beland.

Ds. Uys Theron sien dit so: "Hierdie is 'n prent van wat 'n gemeente NIE moet wees nie! Ons roeping is om padtekens te wees na Christus toe. Die gevaar bestaan dat 'n gemeente sy roeping kan versaak en net vir homself leef. Na die duiwel met die res! Hulle kan maar verdwaal, solank ons net gelukkig is."




Is ons nie ook dikwels so nie? Midde in `n situasie wat ons nie kan verduur nie, maar al wat ons doen, is om te protesteer en self verder niks te doen om ons daaruit te bevry nie.

# Hoe hou jy seerowers van jou lyf af op die oop see?



Een van die sendelinggesinne wat ons gemeente ondersteun, het onlangs die ervaring gehad van hoe dit voel om per skip deur gebiede bekend vir seerowteraanvalle te vaar. In Maart vanjaar het hulle van die Midde-Ooste na Kolombo, Sri Lanka, gevaar en vir die grootste deel van die tyd was dit deur seerowergebied. Aan die einde van verlede jaar moes die skip haar eerste vaart van die aard onderneem toe dit van Beirut in Lebanon deur die Suezkanaal gevaar het, deur die Rooi See, die Golf van Aden en om die hak van die Arabiese Skiereiland na Oman – nog 'n roete berug vir seerower aanvalle. Die vaart het 10 dae geduur en vir die gedeelte deur die Golf van Aden was die skip in 'n korridor wat onder streng toesig van verskeie vlote is wat gereeld patrolleer om as skildwagte op te tree. Dit is 'n besige area en daar was omtrent 100 ander skepe in dieselfde gebied. 'n Oorlogskip van die Franse vloot het sy spoed aangepas om vir 'n tyd lank saam met ons sendelingskip te kon vaar – 'n welkome gesig vir die mense aanboord en bemoediging vir die kaptein van die sendelingskip. Vir nog 'n paar dae was daar ook 'n groot tenkskip wat met hulle tred gehou het.

Vir familie en vriende is die eerste teken dat die gebied waardeur die skip vaar nie veilig is nie dat die 'Live Tracker' afgeskakel word. Die 'Live Tracker' maak dit moontlik om die skip se vaart op die internet dop te hou. Die kameras aanboord, die 'webcams', word ook tydens so 'n vaart afgeskakel. Die skip probeer om op die manier so min moontlik aandag te trek op die internet.

Verder is daar nog ander maatreëls wat toegepas word – een van ons sendelinge het tydens die laaste vaart so laat weet:

"Ons seil nie hierdie keer in 'n groep met ander skepe soos toe ons deur die Rooi See gevaar het nie, maar die skip is by 'n internasionale maritieme register geregistreer wat ons gedurig op hoogte van sake hou met die aktiwiteite van seerowers, waar hulle laas opgemerk was, ens. Die gebied waardeur ons nou vaar, is nie so 'n hoë risiko gebied soos die vorige keer nie. Die bemanning van 'n klein bootjie sal dit in elk geval moeilik regkry om aanboord die skip te kan kom omdat, behalwe vir 'n klein area, die eerste dek waar daar toegang van buite kan wees, dek 7, baie hoog op die skip lê.

Maar ons neem ook allerhande ekstra maatreëls om die risiko nog verder te verminder: daar is ekstra wagte opgestel op die brug en op dek 9, die hoogste dek, om wag te staan en die omgewing te bespied. Gewoonweg word daar nie wag gestaan op dek 9 nie. Ons hou die skip so donker as moontlik na sonsondergang deur dikker gordyne voor die vensters te gebruik en alle deure na buite toe te hou. Dit help dié wat wagstaan om beter in die donker te sien en ons is nie so 'n ligbaken in die nag nie (praat van jou lig onder 'n maatemmer wegsteek!). Lemmetjiesdraad word om die reëlings van die oop dekke gedraai, en ons het ook twee LRADs agter op die skip. LRAD staan vir *Long Range Acoustic Device*. Dit word eers gebruik om 'n boodskap te stuur na 'n klein bootjie wat nader kom, iets soos: 'Verander van koers!' 'Moenie nader kom nie!' ens. En daarna as daar nie aan gehoor gegee word nie, word 'n harde knal afgevuur wat glo baie ongemaklik op die ore is, en snaaks maar waar, blykbaar werk dit baie goed! Ons gebruik ook meer enjinkrag en kan vinnig spoed vermeerder, en sal ook maneuvreer om 'n klein bootjie van ons af weg te hou. Brandslange wat seewater spuit, word ook reggesit om as afweermiddel te gebruik indien nodig. Die kaptein sê ook, hy sou nie die vaart onderneem het as hy gedink het daar is groot gevaar nie; sy eie gesin is mos ook aanboord. Maar natuurlik, ons vertrou in die eerste plek op die Here, dat Hy ons sal beskerm en veilig hou!"



## Belydenis van Geloof


**Marco Koen** en **Courtney Taljaard** het op 27 Maart 2011 belydenis van geloof afgelê. Dis vir `n gemeente besonders wanneer nuwe lidmate toegevoeg word en ons verwelkom hulle graag . Mag die verbintenis met die Here lewenslank wees en met hierdie gemeente so lank moontlik.






Hulle het ook hulle hande in die doopvont gesteek om hulle aan hulle doop te herinner. Die belofte wat daar gemaak is, word nou voltrek met hulle belydenisaflegging. Wat `n wonderlike geleentheid!

## Beertjiefees



Die jaarlikse fees het weer op Buitenverwachting plaasgevind en was dit lekker! Bere, kos en klere, wyn en pannekoek, groente en worsbroodjies, lekkers en springkasteel. En honderde der honderde pannekoeke. Die weer het gedreig, maar ons gebede is beantwoord en die reën het weggebly totdat alles verby was. Om bietjie nat te reën, terwyl jy planke en bokkies wegpak en opruim, is niks. Die begrote inkomste is nie bereik nie, maar die algemene dankoffers vir die betrokke maand was feitlik op die sent na soveel meer as wat die Beerfees se inkomste te min was. Wonderlik hoe die dinge werk, nie waar nie …









# HOSPITAALBESOEKE 2011

Baie dankie aan almal wat behulpsaam is met die Hospitaalbesoeke.
Ons kan nie meer besoek aflê by Groote Schuur Hospitaal nie, en Constantiaberg Medi-Clinic was ook nie meer geneë nie oor sekuriteitsredes. Victoria Hospitaal is nader en meer toeganklik en daar is toe besluit om daar besoeke te bring.
Ons het besluit om 1 maal per maand 'n besoek af te lê. Ons is op die oomblik 6 lede wat daarheen gaan. Ons ander lede besoek ook ouetehuise en is baie nou betrokke by sommige inwoners.
Op 'n ad hoc basis word van ons ook gevra om 'n pasiënt te gaan besoek. U is natuurlik meer as welkom om te vra as u wil hê dat ons iemand spesifiek moet besoek.
Ons is bevoorreg om hiermee besig te wees en weet dat slegs twee minute wat ons aan iemand spandeer vir daardie persoon `n wêreld se verskil maak. Pragtige verhoudings word gebou.
Die spanlede erken dat hulle so baie leer by pasiënte en by mekaar.

**INGRID DE KLERK**

## Omdat ons klein is

In die Bybel lees ons dat ons elke woord kan glo en vertrou wat in die Bybel staan, want dit is God se brief aan ons. Elke belofte is waar. God is geen mens dat Hy kan lieg nie (Numeri 23:19). Nou wil ek 'n paar vrae vra wat jy eerlik aan jouself moet beantwoord:

Glo jy alles wat in die Bybel staan?

Lees jy jou Bybel gereeld?

Praat jy gereeld met Jesus in die gebed?

Die Bybel is ons skatkis – lees gerus Psalm 119:127.

Die Bybel is ons ook vir ons die lig – Psalm 119:105.


Die Bybel is ons ook vir ons 'n spieël – Psalm 139:1 en 2.


Die Bybel is ons ook vir ons kos – Deuteronomium 8:3 en Johannes 6:35.

Die Bybel is ons ook ons swaard wat ons moet gebruik wanneer die duiwel ons wil aanval – Filippense 4:13 en 1 Petrus 5:7.

Die Bybel sê ons moet ons wapenrusting aantrek – Efesiërs 6:11, 17b.

Ek het vir Jaime en Tommy gevra om te skryf oor wat Jesus vir hulle beteken. Hier is wat hulle geskryf het.




Volgende keer sal ons van 'n paar ander kinders hoor. Julle is welkom om vir my briefies te stuur en te vertel wat Jesus vir julle beteken. Ek bid dat Jesus julle sal seën en julle kalm sal hou wanneer julle eksamen skryf.

**Tannie Helmien**

***Magda Bester*** *skryf oor haar ervaring met borskanker:*



**FEITE** vs GEVOELENS

- **Dit is 'n feit dat 1 uit 8 vrouens kan verwag om borskanker te hê.**

Dis mos makliker om 1 van die 7 te wees!

- **Die kanse vir die ontwikkeling van borskanker verhoog na die ouderdom van 65.**

Ek is maar 43 – daar is nie 'n kans nie!

- **Vroue wat deur menopouse gaan na die ouderdom van 55 loop groter gevaar.**

Ek is nog hopeloos te jonk, nie op my van toepassing nie!

- **Indien 'n lid van jou onmiddellike familie aan borskanker gely het , dan is jy 'n hoë risiko geval.**

Geen familiegeskiedenis – geen bekommernis!

- **Om oorgewig te wees is ook 'n groot risiko vir borskanker.**

So paar kilo's sal nie 'n verskil maak nie – of hoe?


Op 3 Junie 2010 is ek gediagnoseer. Vreemd hoe die veg of vlug reaksie mens oorval en half sonder dat ek daaraan gedink het, het die stryd om oorlewing ingetree. Eers die absolute lamheid wat mens oorval as die diagnose aan jou bekend gemaak word en dan die oneindige wag op die uitslae van verdere toetse.

Die paadjie van behandeling was nie té moeilik nie, want God se genade was genoeg vir my. Hy het my vertroos uit sy Woord. Die Sondag na my diagnose het ds. Theron gepreek uit Ps. 30 : "Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak (3) .. Gisteraand was daar nog trane en vanmôre lag ek al weer" (6). Ek glo sy preek daardie oggend het my laat besluit om liewer daaroor te lag as daaroor te huil, en dit het ongelooflik baie gehelp.

Dankie aan al die gemeentelede wat my bygestaan en ondersteun het. Dankie vir gebede – niks is so kragtig soos dit nie. Dankie vir oproepe, etes wat aangedra was, heerlike beskuit, besoeke en woorde van bemoediging! My gesin se liefde en ondersteuning was uit die boonste rakke!

Ek erken weereens dit was die moeilikste tyd van my lewe, maar beslis die geseëndste tydperk ooit!

## Ons lidmate skryf



### LAAT DIE KINDERS NA MY TOE KOM…

*Kom kinders, kom juig nou, met vrolik geskal*

*Oor wat daar gebeur het in Bethlehem-stal,*

*Waar Jesus, gebore in heilige nag,*

*Die saligheid bring aan 'n wêreld wat wag…*

As kind het hierdie Halleluja-lied vir my die kern van die Evangelie saamgevat, naamlik dat ons as kinders kan bly wees oor die geboorte van Jesus en die volle implikasie daarvan. As volwassene bly die boodskap juis betekenisvol en waar. Die woorde van Jesus: "Laat die klein kinders na My toe kom" in Mattheus 19:14 dui daarop dat klein kinders welkom moet wees en verwelkom moet word in die teenwoordigheid van die Here. Die dissipels wou die kinders verhinder, maar Jesus het hulle uitgenooi en geseën. Ouers moet te alle tye welkom voel om hul kinders kerk toe te bring. 'n Gekraai en gekoer van 'n baba kan 'n mens daaraan herinner dat almal by die Here welkom is. Dit is juis deur die geboorte van 'n Kind dat ons gered is.

Jesus nooi die kindertjies: "Almal kom na My."

Elkeen wat na Hom toe kom, ontvang en seën Hy.

Jesus nooi hul almal uit – almal is gelyk.

Die wat soos 'n kindjie word, kom in Sy koninkryk.

(Lied 551 in die Liedboek)

**Helen van der Horst**

# GOEIE NUUS

*Ons lees in die koerante net van moord en doodslag en skynbaar omdat mense daarvan hou. Maar hier is Renate en Johan Prinsloo se storie. Hulle is nuwe intrekkers in die gemeente en woon aan die Houtbaai-kant.*





Ons het in die afgelope 6 maande die wonder van God se genesende Hand persoonlik ervaar. Hier is ons storie.

Sestien jaar gelede was my man in 'n motorongeluk waar hy geen ooglopende beserings opgedoen het nie. Almal was net te dankbaar dat Johan weggeloop het met net 'n bloedneus, al was die kar afgeskryf. Maar die vreugde was van korte duur; 10 dae later kry Johan sy eerste epileptiese aanval, en dit was die begin van baie jare se doktersbesoeke, sukkel, swaarkry, wroeg met God en al die ander dinge wat saam met so 'n kroniese kondisie kom.

Junie 2010, trek ek en Johan van Pretoria af Kaapstad toe en moet noodgedwonge weer 'n nuwe neuroloog opspoor om die kroniese medisyne voor te skryf, ens. Tot ons groot verbasing stel die dokter voor dat ons kyk of die bron van die epilepsie nie dalk verwyder kan word nie. Min het ons geweet dat ons by die beroemde dr. James Butler beland het, 'n neuroloog wie se werk wêreldwyd bekend is.

So begin 4 maande se toetse. Deur vorige toetse het ons geweet dat daar geknoopte are in Johan se brein is, en dat hulle die sondebokke was wat die aanvalle veroorsaak. Maar die belangrikste ene was in die algemene area van die taal deel van die brein. So doen hulle eers 'n FMRI om 'n rowwe idee te vorm waar die spraakarea sit. Daarna moes Johan 10 dae in die hospital spandeer vir 'n uitgerekte EEG om 24uur per dag sy brein aktiwiteit te monitor en seker te maak dat dit net een van die are is wat moeilikheid maak en nie al drie nie.

Nadat hulle vasgestel het dat die aanvalle net van 1 kant van die kop af kom, moes hulle inwendige elektrodes opsit om te kyk of dit regtig die aar is en nie die geheue area wat aan die onderkant van die brein sit nie. Die geheue is glo 'n algemene plek waar epilepsie vandaan kom. Die operasie om die skedel oop te maak en elektrodes op die brein te sit het goed verloop, maar 2 dae later het daar vog begin opbou in die brein en inwendige bloeding het daartoe gely dat die elektrodes die volgende dag verwyder moes word.

Gelukkig, dank God, was daar geen skade van die bloeding nie en het die inwendige elektrodes al die nodige inligting kon kry. Die epilepsie kom ongetwyfel van die 1 geknoopte aar en hulle kan dalk opereer. Die enigste gevaar is, die aar is baie naby aan die taal area en hulle mag onder geen omstandighede in daardie area opereer nie. Om so naby as 14mm aan die spraak area te sny, kan moontlik spraakverlies veroorsaak.


Maar ons glo vas dat God ons op hierdie pad gelei het en skeduleer die operasie vir 12 April. Die neurochirurg, dr. Rodger Melvill, het Johan gedurende die operasie wakker gemaak, om sy spraak te toets. Hulle het klein elektriese pulse op die oppervlak van die brein gebruik terwyl Johan gepraat het. Hierdeur het hulle gevind dat die bron van sy epilepsie reg in die middel van sy taal area lê en dit dus onmoontlik is om te opereer. Dus het hulle net weer toegemaak en dinge laat staan.

Hoe groot was ons teleurstelling! Ons kon nie glo dat dinge so eindig na maande se toetse, geloof en gebed nie. Maar die Here was nog nie klaar met ons nie. Drs. Butler en Melvill het hard gaan soek na 'n oplossing of ander uitweg, maar kon geen voorbeeld in die wêreldliteratuur kry waar enige iemand anders hierdie tipe van operasie gedoen het. Toe besluit ons almal saam om 'n kans te waag. In ons guns was die feit dat Johan onder 30 is, sterk en gesond, buiten die epilepsie. Die gedagte was, al sou hy spraak verloor na die operasie, is hy jonk genoeg om weer te kan herstel tot 'n mate en dan is mens darem die epilepsie kwyt.

*(Lees verder op bl. 14.)*

# UIT DIE FINANSKANTOOR

## Finansiële Oorsig van 2010/11:




*Let wel: Die nul persentasies hierbo reflekteer 'n baie klein persentasie en is in werklikheid nie nul nie, maar wel afgerond tot die naaste heelgetal.*

Ons was in staat om ons verwagte inkomste met nagenoeg 20% te oorskry in vergelyking met die vorige finansiële jaar. Ons uitgawes was egter ook ±15% meer as in 2009/10 hoofsaaklik as gevolg van uitstaande betalings wat ons aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens moes oorbetaal het waarvoor daar nie begroot was nie. Oor die algemeen was ons egter in staat om ons verwagte begrotingstekort te halveer en om hierdie rede is die gemeente se finansies op 'n makro-skaal nog gesond.

Wat egter van tyd-tot-tyd kommer wek is die feit dat ons, veral gedurende vakansietye, kontantvloei probleme ondervind. Dit het ook al twee keer in die verlede gebeur dat 'n noodroep uitgestuur was deur die Finanskomitee aan die twee Wyksrade sodat diegene wie daar betrokke is hul dankoffers vroeër kon inbetaal. Dit is egter 'n reaktiewe manier om die probleem aan te spreek en ons moedig dus lidmate aan om tog ook gedurende sulke vakansietye hul dankoffers vroegtydig in te betaal.

## Goedgekeurde Begroting vir 2011/12:

Op die teenblad volg 'n opsommende tabel van die gemeente se begroting vir 2011/12, soos goedgekeur deur die Kerkraad op 7 Maart 2011.

# Ned. Geref. Gemeente CONSTANTIA

## 2011/12 Begroting (Finaal)

| | | 2010/11 Voorlopig Finaal | | | 2011/12 Begroting | | | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | **INKOMSTE KATEGORIË:** | **Totaal** | **Constantia** | **Houtbaai** | **Totaal** | **Constantia** | **Houtbaai** | |
| 1.1 | Dankoffer | R 717,587 | R 438,090 | R 279,497 | R 829,135 | R 506,190 | R 322,945 | 5.0% |
| 1.2 | Gewone kollekte | R 166,232 | R 80,142 | R 86,090 | R 174,544 | R 84,150 | R 90,394 | 5.0% |
| 1.3 | Lofoffers | R 71,373 | R 56,138 | R 15,235 | R 74,942 | R 58,940 | R 16,002 | 5.0% |
| 1.4 | Sinode | R 22,000 | R - | R 22,000 | R 24,000 | R - | R 24,000 | 9.1% |
| 1.5 | Huur inkomstes | R 42,061 | R 23,781 | R 18,280 | R 44,164 | R 22,082 | R 22,082 | 5.0% |
| 1.6 | Teddiebeerfees | R 76,666 | R 38,333 | R 38,333 | R 80,499 | R 40,250 | R 40,250 | 5.0% |
| 1.7 | Houtbaai Bedieningsfonds | R 126,318 | R - | R 126,318 | R 132,634 | R - | R 132,634 | 5.0% |
| 1.8 | Ander Insamelings | R 62,179 | R 21,186 | R 40,993 | R 40,000 | R 20,000 | R 20,000 | -35.7% |
| | | | | | | | | |
| | **TOTALE ONTVANGSTE** | **R 1,284,416** | **R 657,670** | **R 626,746** | **R 1,399,918** | **R 731,612** | **R 668,306** | **9.0%** |
| | | **21%** | **51%** | **49%** | | **52%** | **48%** | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | **2010/11 Begroting** | | | **Verskil** |
| 2 | **UITGAWE KATEGORIË:** | | **Constantia** | **Houtbaai** | **Totaal** | **Constantia** | **Houtbaai** | |
| 2.1 | Diensverhoud | R 853,820 | R 493,984 | R 359,836 | R 887,973 | R 513,740 | R 374,233 | 4.0% |
| 2.2 | Kantoor | R 50,947 | R 30,120 | R 20,827 | R 53,494 | R 31,630 | R 21,864 | 5.0% |
| 2.3 | Sinodale Verpligtinge | R 56,000 | R 28,000 | R 28,000 | R 61,036 | R 30,518 | R 30,518 | 9.0% |
| 2.4 | Bankkoste | R 11,744 | R 6,065 | R 5,679 | R 12,331 | R 6,166 | R 6,166 | 5.0% |
| 2.5 | Dagbestuur | R 5,322 | R 545 | R 4,777 | R 5,588 | R 2,794 | R 2,794 | 5.0% |
| 2.6 | Houtbaai Pastorie Huur | R 122,654 | R - | R 122,654 | R 150,864 | R - | R 150,864 | 23.0% |
| 2.7 | Evangelisasie | R 24,000 | R 12,000 | R 12,000 | R - | R - | R - | -100.0% |
| 2.8 | Ring van Wynberg | R 264 | R 135 | R 129 | R 660 | R 330 | R 330 | 150.0% |
| 2.9 | Eiendom | R 150,557 | R 108,458 | R 42,099 | R 158,085 | R 113,880 | R 44,205 | 5.0% |
| 2.10 | Skuld oorgedra van vorige jaar | | | | R 29,886 | R 14,943 | R 14,943 | |
| 2.11 | Wyksraad Gemeente-aksies | R 38,994 | R 14,449 | R 24,545 | R 40,000 | R 20,000 | R 20,000 | 2.6% |
| | | | | | | | | |
| | **TOTALE UITGAWES** | **R 1,314,302** | **R 693,756** | **R 620,546** | **R 1,399,918** | **R 734,001** | **R 665,917** | **6.5%** |
| | | **15%** | **53%** | **47%** | | **52%** | **48%** | |
| | | | | | | | | |
| | **Wins/Verlies** | **R -29,886** | **R -36,086** | **R 6,200** | **R 0** | **R -2,389** | **R 2,389** | **0.0%** |

**ADRESSE**

H/v Ladies Mile en Firgroveweg,

KREUPELBOSCH, 7945

Telefoon/Faks (Kerkkantoor):

021–712 1682

E-pos: ngconstantia@xsinet.co.za

Houtbaai-Kerkgebou:
h/v Oxfordstraat & Albertweg, Houtbaai

Webwerf adresse :

http://ngkconstantia.za.net

www.houtbaaigemeente.co.za

## Lize Theron besig met tolkwerk tydens die erediens in hulle gemeente in Londen



Die SA Gemeente in Londen probeer meer Engelse lidmate betrek. Die rede hiervoor is gedeeltelik omdat 'n handvol Suid-Afrikaners met Britte/Nieu-Seelanders, ens. getroud is en graag die erediens saam wil bywoon en gedeeltelik omdat dit 'n kerk wil wees wat in die wyer gemeenskap geïntegreer is en nie net eksklusief vir Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners wil wees nie.

As 'n oplossing doen hulle elke Sondag vertaalwerk waar iemand tolk uit Afrikaans na Engels, terwyl die diens aan die gang is. Ek is een van 'n span van vier en wanneer ek Sondae aan diens is, sit ek agter in die kombuis waarvandaan ek 'n goeie uitsig het op wat voor aangaan. Die sisteem werk met oorfone. Myne is op kanaal twee wat beteken ek hoor wat die dominee sê. Dan het Engelse mense in die kerk dieselfde stel oorfone, maar op kanaal een wat beteken hulle hoor my praat. Ek praat oor 'n klein mikrofoontjie. Ek kry so halfuur voor die diens 'n opsomming van die afkondigings en die preek asook die Skrifgedeeltes wat ek vooraf in die Engelse Bybel merk. Die grootste uitdaging is wanneer die dominee 'n grap vertel en ek het geen idee wat die 'punchline' gaan wees nie!

Daar is maar net 'n handjievol mense wat van die vertaaldiens gebruik maak, maar om te weet dat hulle tuis voel in die kerk en die boodskap kry, maak dit alles die moeite werd.

Lize

*(Vervolg van bl. 11)*

Na baie gebed is Johan die 15de weer geopereer. Die dokters het ons gewaarsku dat hy dalk aanvanklik sou kon praat vir die eerste uur of wat na die operasie, maar namate die brein swel, sou hy spraak verloor, ten minste vir die eerste 2 maande. Daar is verwag dat hy nie taal sou kon verstaan nie en dus ook nie sou kon lees of skryf nie, maar dat dit ook met tyd sou regkom.

Ons het met groot angs en spanning gewag vir hom om uit die teater te kom. Ek het die dokters eers gesien voor ek Johan gesien het. Hulle oë het geblink en hulle het effens verdwaas gestaan oor sy toestand. Toe ek hom uiteindelik onder oë kry het hy met my gepraat, gesê hy voel goed sonder enige pyn en ons het gesels en aanhou gesels! Drie ure na die operasie het hy nog steeds gepraat, net so goed as voor die tyd.

Toe ek die volgende oggend by hom kom, gee hy vir my die brief wat hy vroeër daardie oggend geskryf het en hy gesels nog steeds. Daar was geen spraakverlies nie!

Dit is nou 6 weke later en daar is geen newe-effekte van die operasie nie. Dit is ongetwyfeld 'n wonderwerk! Net so groot soos die genesing van die melaatses van ouds! Ons loof en dank God vir hierdie wonderwerk. En die medici staan nog steeds verstom!